Oyster Bay NEWS
OesterbaaiNUUS
December 2020 Desember
Nuusbrief van die Oesterbaai Inwonersvereniging • Newsletter of the Oyster Bay Residents' Association • Sien ook www.oesterbaai.info

Oplewing in Oesterbaai

Die grootskaalse rehabilitasie van die sandduine waarmee 'n paar jaar gelede begin is, hou heelwat positiewe gevolge vir Oesterbaai in.

Etlike nuwe huise is gebou terwyl die huismark as sodanig ook beslis verbeter het.

'n Hele aantal nuwe permanente inwoners het ingetrek.

Volgens Elmarie Meyer, van Oesterbaai Eiendomme, is daar in die afgelope jaar of drie verskeie huise verkoop.

"Daar is 'n besliste oplewing in die mark," het sy gesê.

'n Aantal erwe is ook verkoop en sy verwag dat daar binnekort met die bou van nog nuwe huise begin sal word.

Baie eienaars het van die grendeltydperk gebruik gemaak om na Oesterbaai te kom om grootskaalse verbeteringe en ook instandhoudingswerk te doen.

Geen Kersmark, geen Kersdiens, en 'n toe strand...

Die Oesterbaai Inwonersvereniging het reeds vroeër besluit dat daar in die lig van die Covid-19-pandemie nie vanjaar 'n Kersmark en ook nie 'n Kersdiens op 25 Desember in die gemeenskapsaal sal wees nie.

En toe kom die president se aankondiging dat die Oos-Kaapse strande tot 3 Januarie gesluit word.



Trenches to catch the sand were recently constructed to catch the sand so that it reaches houses and properties at a slower rate. Sloping walk-down areas to the sea were also created.

Rehabilitation of sand dunes still on-going

The sand removal actions of 2020 were very successful with the help of Kouga Municipality who provided machines and the funds to do the work.

Joe Meyer, the project manager and committee member of the Oyster Bay Residents' Association (OBRA), said that the sand had built up again since last year's work and had to be removed as part of the maintenance program.

The sand in front of three houses and ten other properties was cleared away. It was moved towards the sea and the embankment on the high-water line.

Trenches were constructed to catch the blown sand so that it would reach houses and properties at a slower rate. Sloping walk-down areas to the sea were also created. The sea reclaims some of the sand at high tide and spring tide.

The Kouga Environmental Specialist informed OBRA that plants for the purpose of rehabilitation had been procured and that planting should start soon. Irrigation will also be installed to support growth.

During August Oyster Bay had 250 mm of rain within three days in the catchment area of the Slang River.

Last year before December it was arranged that the flow of the Slang River be diverted closer to the main dune south of the r iver.

"We were warned by the farmers in August that the water was on its way. We had the machines on site because we had planned to make the river-mouth opening more effective," said Joe.

The temporary outlet that was created before December 2019 had been closed again by the sand blown over the main dune by the westerly wind.

"We immediately went to open this outlet before the flood-water hit us. We were on the last bucket when the flood-water overflowed the catchment area we had created last year.

"The water then ran down to the sea and created a channel of approximately 80m.

"The flood-water was running very close to the houses and the next day we created a new outlet next to the main dune. We closed the other outlet with the bulldozer and the water then flowed next to the main dune and created a new river-mouth of about 30m wide," he said.

See photos of the August flood waters on page 2.

"We would like to thank Kouga Municipality and specifically Nomvelo Siwela, Christa Venter and Willie Botha for their support with the rehabilitation plans," Joe said.

Read Joe's full report, with a number of photographs, on www.oesterbaai.info.



WINSKOPIE - BOU JOU DROOMHUIS BY DIE SEE
R280 000
Pragtige erf, 624 vkm met permanente see-uitsig.

OESTERBAAI EIENDOMME
T/a Oyster Bay Estate Agency CC
Your Local Agent
Elmarie Meyer
082 568 1759
www.oesterbaaieiendomme.co.za

VAKANSIEWONING
R1 500 000
By die hoofstrand. 4 slaapkamers, 2 badkamers, woonvertrek, dubbelmotorhuis, woonstel met 2 slaapkamers.



Kalender

So. 20 Desember
09:00: Kerkdiens in die gemeenskapsaal gelei deur ds. Eddie Botha Jnr.
Di. 22 Desember
10:00: Algemene jaarvergadering van die Oesterbaai Inwonersvereniging in die gemeenskapsaal.
Vr. 25 Desember
GEEN Kersdiens in Oesterbaai nie.
08:00 en 10:00: Kersdienste in NG Gemeente, Humansdorp, gelei deur ds. Matewis Langenhoven.
LET WEL ASB: slegs 100 persone per diens. Besprekings moet voor Dinsdag 22 Desember by 079 553 7539 gedoen word.
So. 27 Desember
09:00: Kerkdiens in die gemeenskapsaal gelei deur ds. Eddie Botha Jnr.
Januarie
Daar sal later inligting oor Januarie se Oesterbaai-dienste deurgegee word.

Sluit aan by die Oesterbaai Inwonersvereniging
Alle inwoners, besoekers en vriende van Oesterbaai, agtien jaar of ouer, kan lede wees. Lidmaatskapgeld vir 2021 is nou betaalbaar. Dit is steeds R50 per persoon.

Dit kan in die OIV se bankrekening betaal word met naam en van (en erfnommer, indien van toepassing) as verwysing. Bank: ABSA, Tak: 632005, Rekeningnr: 4052178885.

KOMITEE 2020:
Walter Kurten, voorsitter; Fanie Groenewald, ondervoorsitter; Hettie Jooste, sekretaresse; Martiens Kunneke, tesourier; Adriaan van Wyk, Joe Meyer, Lana Pepler, Otto Pepler en Riekie Pienaar. Gekoöpteer: Hylien de Jonge en Anita Swanepoel.



Oesterbaai het in Augustus totsiens aan Paul en Hettie Jooste gesê. Hulle het na Cradock verhuis.



In August the Slang River came down in full flood. Fortunately a new outlet next to the main dune was created, forming a new river-mouth. At some stage, the bulldozer was nearly buried in the wet sand. Farmers and other residents came with their knowledge and equipment and it was recovered. The flood-water removed about 20 000 cub m of sand in the weeks that followed.

Living Water verlig nood

Tydens die grendeltyd, veral in die begin, kon Living Water aan behoeftige huisgesinne in Umzamowethu en van die permanente inwoners van Oesterbaai kospakkies en/of ondersteuningspakkies voorsien.

"Dit is te danke aan die menige mense wat donasies gegee het," het Herman Stofberg van Living Water gesê.

Living Water het aan die begin van die jaar goed weggespring met vier leierskapkampe waar hulle 35 kinders van verskeie skole per keer met die Woord bedien het.

As gevolg van Covid-19 kon hulle nie die verdere beplande kampe aanbied nie.

Die Living Ubuntu crèche is onder leiding van Anne Dreyer geopen. Ondanks die pandemie het nege van die kinders vir skoolgereedheid gekwalifiseer en hulle gaan in 2021 na Sandwater en Grace Kids vir graad R.



Ná etlike jare van onbaatsugtige werk in Umzamowethu, verhuis Madeleine Viljoen na George.

Madeleine Viljoen en Zani Stofberg het tydens die pandemie die deure van die naskoolprogram oopgehou. Dit is gedoen om bykomende ondersteuning te bied aan kinders wie se ouers moontlik nie kon help met die werkspakkette wat deur die laerskool aan hulle gegee is nie. Daar is baie op geletterdheid en wiskunde gefokus om te verseker dat die kinders nie agter sou raak nie.

'n Nuwe klaskamer by die sentrum sal ook as werkswinkel en moontlike tuisonderrigsentrum dien. Die gebou benodig tans net plafonne, verf, elektriese bedrading en badkamertoebehore.

Living Water is hartseer om Madeleine, Charné Bodington en moontlik ook Zani aan die einde van 2020 te groet. Terselfdertyd is hulle opgewonde om Lunette Uys, crèche-onderwyser, en Johan Hartwig, vaardigheidsontwikkelaar in houtwerk, skaak en groente, as deel van die span te verwelkom.

Herman het een en almal vir hul ondersteuning hierdie jaar bedank, hetsy emosioneel, fisiese donasies of finansiële bydraes.

"Om bekwame personeel op Oesterbaai te kan vestig, moet ons met die mark kan meeding en daarom sal finansiële hulp opreg waardeer word," het hy gesê.

• Living Water se bankbesonderhede: Naam: Living Water. Bank: Nedbank Humansdorp. Rekeningnommer: 1884 019 285. Takkode: 198 765. Swift: NEDSZAJJ.

Maintenance done

OBRA thanks Joe Meyer for other work also completed:

• The braai area and parking area at the beach entrance were again cleared of wind-blown sand.

• The temporary entrance to the sea was again cleared for farm vehicles going to the Klippenpunt.

• Roads were repaired and more concrete strips for storm-water protection were cast.

• Maintenance work was done on the steps at the rocks and next to the shop.

• The potholes in the tarred road were repaired.

• A concrete drive was created at the steeply angled section in Seekat Street down to Brander Street.





4-SLAAPKAMER
R2 640 000
Ongelooflike mooi uitsig. 4 slaapkamers, 2 badkamers, ruim oopplanwoonvertrek met binnebraai, kombuis en opwaskamer. Geen trappe. Dubbelonderdakparkering.

OESTERBAAI EIENDOMME
T/a Oyster Bay Estate Agency CC
Your Local Agent
Elmarie Meyer
082 568 1759
www.oesterbaaieiendomme.co.za

3-SLAAPKAMER
R 1 595 000
3 slaap- en badkamers, hoofslaapkamer loop uit op balkon met see-uitsig, oopplankombuis met opwasvertrek, woonvertrek met kaggel. Pragtige tuin.



Stasie 36 kry spogtoekenning

Soos vir almal was 2020 ook vir NSRI Stasie 36 'n baie uitdagende jaar, maar ten spyte van al die struikelblokke het hulle baie positiewe nuus om te deel.

Daar is vanjaar intensiewe opleiding gedoen. Die bemanning wat uit 'n groep onbetaalde vrywilligers uit die gemeenskap bestaan, kon die inperkingstyd gebruik om hul teoretiese en praktiese opleiding te verskerp. Die stasie spog nou met vier gekwalifiseerde klas 4- en twee klas 3-reddingskippers ('coxswains').

Stasie 36 is verantwoordelik vir die kuslyn vanaf die ligtoring by Kaap St Francis tot by Stormsriviermond.

'n Satellietstasie met bemanningslede uit die gemeenskap by Stormsriviermond is gestig. Dit word deur NSRI Oesterbaai bestuur en daar word ook weekliks opleiding met die 22 vrywillige bemanningslede daar gedoen.

In Julie het Stasie 36 'n nuwe, ten volle toegeruste Mitsubishi Triton dubbelkajuit reddingsvoertuig gekry. Daar is ook 'n 'jet-rib' vir reddingspogings in stormagtige branders en 'n 5.5 klas 3-reddingsboot aangeskaf.

Besoekers aan Oesterbaai sal ook sien dat daar 'n bord op die oop erf langs die Oesterbaai-winkel opgerig is, wat aandui dat dit binnekort die nuwe tuiste van NSRI Oesterbaai gaan wees.

Die koop van die erf is in Februarie gefinaliseer en die hersonering is onlangs afgehandel. Bouplanne is ingedien en daar word beoog om in Februarie 2021 met die konstruksie van die gebou te begin. Dit is 'n baie opwindende projek wat van groot waarde vir die gemeenskap van Oesterbaai sal wees.

Die stasie spog met die "Station Excellence Award" vir 2019 in ons streek. Die beskrywing op die toekenning lui: "In honour of outstanding stewardship of the Rescue Base, displaying excellence, pride, good governance and upholding the brand image of the National Sea Rescue Institute".



NSRI Stasie 36 Oesterbaai se bemanningslede is almal vrywilligers uit die gemeenskap. Die stasie het 'n "Station Excellence Award" in 2019 ontvang.

Die NSRI beveilig ook die strand met die oprigting van meer helderpienk reddingsboeie. Die projek is landwyd 'n reusesukses en het al baie lewens gered. Dit sluit twee jong seuns uit ons plaaslike gemeenskap in wat in Januarie in die moeilikheid beland het terwyl hulle by die hoofstrand geswem het.

Die seuns het hulle lewens te danke aan die reddingsboei op die strand, die flinke optrede van ander seuns en die vinnige reaksie van NSRI-bemanningslede. Juis daarom is daar nou 25 reddingsboeie op strategiese punte langs die kuslyn tussen Thyspunt en Stormsriviermond geplaas.

Die NSRI is afhanklik van donasies om te kan voortbestaan. Elke bydrae maak 'n daadwerklike verskil en word gebruik vir die oprigting van die nuwe basis, opleiding van bemanningslede asook die opgradering en instandhouding van die stasie, toerusting en bote.

Indien u 'n skenking van boumateriaal of dienste wil maak, kontak Lodewyk van Rensburg by 082 559 3485 of station36@searescue.org.za

• Finansiële bydraes kan in die volgende rekening inbetaal word: National Sea Rescue Institute, ABSA, Heerengracht, takkode 506009, rekeningnr. 1382480607, Swift-kode: ABSA-ZA-JJ, verwysing: Station 36 Oyster Bay.

Stuur asseblief die bewys van betaling aan station36@searescue.org.za tesame met u naam en kontaknommer sodat dit aan Oesterbaai se basis toegewys kan word.

Volg NSRI Stasie 36 op Facebook. Gaan soek net onder "Sea Rescue Oyster Bay" of "@nsri36".

• Ledevan die publiek wat hul eie bote op die see gebruik, hetsy roeibote, kajaks, seilbote of vissersbote, word aangeraai om die gratis RSA SafeTrx toepassing op hul selfone te laai. Dit stel noodkontakte in kennis indien jy nie op tyd terugkeer nie en het ook 'n noodknoppie om 'n noodsein op die app te stuur. Die RSA SafeTrx app is gratis beskibaar op jou foon se App Store of op www.nsri.org.za

• In geval van nood, skakel NSRI Oesterbaai by **082 990 5968**, Lodewyk: 082 559 3485 of Choppie: 083 400 3720.

'Stop, stop, daar's 'n spietkop...'

Nee, dit is nie 'n Leon Schuster-grappie nie.

Die bestuurskomitee van die Oesterbaai Inwonersvereniging het besluit om vanjaar die hulp van die Kouga Verkeersafdeling in te roep om die verkeersreëls in die dorp af te dwing.

Veral gedurende die feesseisoen is daar talle voetgangers, dikwels met honde aan leibande, in die straat.

Jong kinders op fietse ry ook graag in die dorp rond.

Maar tog is daar jaarliks sommige motorbestuurders wat hulle glad nie aan die 40 km/h spoedbeperking steur nie en wat die stoptekens bloot ignoreer.

Verder is daar ook enkeles wat sonder 'n permit op die strand ry.

Verkeersbeamptes gaan vanjaar 'n paar keer 'n draai op Oesterbaai kom maak.

Please take note

DIE WINDMEUL HOURS

Shop:
Mon – Sat: 07:00 - 19:00.
Sun & Public hol: 09:00 – 17:00.

Liquor store:
Mon – Thu: 10:00 - 18:00.
Fri - Sun & Public hol: Closed

Restaurant:
Mon - Sat: 08:00 - 22:00.
Sun & Public hol: 09:00 – 17:00.

WASTE DISPOSAL

Waste removal is on Thursdays. Place bags out early in the morning to avoid dogs and mongooses tearing the bags. On any other day, please dispose your rubbish between 08:00 and 16:00 at the tip near the entrance to Oyster Bay or in one of the many blue dustbins. Please do not leave bags in front of the gate of the tip.

FRENCH DRAINS

A system of French drains is used in Oyster Bay. Care must be taken of what goes into the system otherwise it could become blocked. Avoid fat disposal.

PARKERING NABY STRAND

Parkering bly 'n probleem. Vermy asseblief Branderstraat wat vir noodvoertuie toeganklik gehou moet word sou dit nodig wees. Parkering is beskikbaar op die hoek van Geelbek- en Oesterstraat.

VUURWERKE/ LANTERNS

Vuurwerke en papierlanterns is verbode in Oesterbaai of op die strand. Rapporteer asseblief oortredings by 042 200 2200 of na-ure by 042 291 0250 of 042 200 8330.

BIBLIOTEEK

Besoek gerus die opgeknapte biblioteek in die gemeenskapsaal. Oop elke Woensag tussen 11:00 en 12:00.

STRENG WATERBEPERKINGS

Streng waterbeperkings in die Kouga munisipale area is steeds in werking – ook in Oesterbaai.

Die gebied se opgaardamme is kritiek laag .

Alhoewel Oesterbaai se water van boorgate en fonteine kom, is die dorp se infrastruktuur van sodanige aard dat die watervoorsiening met die toestroming van vakansiegangers kwaai onder druk is.

• Dus, gebruik water asseblief baie spaarsamig.



2-SLAAPKAMER
R1 295 000
Netjies-geboude 2-slaapkamerwoning, badkamer, aparte toilet, oopplanwoonvertrek, ingeboude kaste, dubbelmotorhuis met woonstel met pragtige uitsig.

OESTERBAAI EIENDOMME
T/a Oyster Bay Estate Agency CC
Your Local Agent
Elmarie Meyer
082 568 1759
www.oesterbaaieiendomme.co.za

3-SLAAPKAMER
R1 320 000
3-slaapkamerwoning, badkamer, aparte toilet, ingeboude kaste, woonvertrek met kombuis. Ruim erf, veral agter met genoeg plek vir dubbelmotorhuis.





OESTERBAAI EIENDOMME

T/a Oyster Bay Estate Agency CC

Jou Plaaslike Agent

Elmarie Meyer

082 568 1759

Tornynstraat 6, Oesterbaai, 6305 • E-pos: oysterbayproperties@gmail.com



6-SLAAPKAMERWONING
R3 200 000

6 slaapkamers met ingeboude kaste, 4 badkamers, ruim woonvertrek met oopplankombuis, hysbak, buitevertrek met binnebraai, 3 motorhuise met ruim deure. Pragtige uitsig asook sonnige woning in die winter.
Huisbewonersertifikaat in plek. Besigtiging slegs per afspraak.





5-SLAAPKAMERWONING
R2 645 000

Pragtige wit woning met ongeloof-like mooi see- en stranduitsig. 5 slaapkamers met 5 badkamers, buitetoilet met stort, 2 woonver-trekke, pragtige kombuis, buite-braai, dubbelmotorhuis.

REG OORKANT STRAAT VANAF STRAND
R1 900 000

4 slaapkamers, ingeboude karavaan as 5de slaapkamer. 3 badkamers, woonvertrek met binnebraai, oopplankombuis en woonvertrek op grondvlak, tweede woonvertrek met kaggel wat uitloop op balkon. Enkelmotorhuis,wassery.





STEWIG-GEBOUDE 3-SLAAPKAMERWONING
R2 180 000

3 slaapkamers met 2 badkamers, oopplankombuis met woonvertrek wat uitloop op stoep met braai, enkelmotorhuis met buitekamer en toilet. Pragtige bome in die tuin agter die woning. Stap net oor die straat strand toe.

3-SLAAPKAMERHUIS NABY HOOFSTRAND
R1 950 000

3 slaapkamers, 1 badkamer, oopplanwoonvertrek, lapa agter woning, enkelmotorhuis, ruim buitekamer met badkamer. See-uitsig. Stap net oor die straat strand toe.





2 ERWE LANGS MEKAAR

Erf agter: 593 vkm **R955 000**

Erf voor: 678 vkm **R1 060 000**

Pragtige uitsig en stap strand toe.





TE HUUR: ON THE ROCKS

4 en suite-slaapkamers wat almal uitloop op onderdakstoep met pragtige uitsig op strand, rotse en see, oopplanwoonvertrek met gastetoilet, waskamer en buitekamer met dubbelbed en badkamer.

TE HUUR: 3-SLAAPKAMERHUIS

Netjiese 3 en suite-kamers met 1 konings- en 2 koningingrootte beddens, tv-kamer, oopplanwoon-vertrek met kombuis en opwas, woonvertrek, dubbelmotorhuis, dstv en wifi. Woning is lekker eenkant met geen wonings direk om nie en al die kamers loop uit op stoep.





TE HUUR: TEN ON TORNYN

Pragtige 180 grade uitsig oor duine, sand en see.
Nr. 1: Slaap 2 persone, 1 kamer, badkamer, oopplanwoonvertrek met binnebraai, braaier vir op die dek.
Nr. 2: Slaap 3 persone, 1 kamer, badkamer, oopplan met gasbraaier, dek met uitsig, Weber vir op die dek.
Nr. 3: Slaap 2 persone, 1 vertrek, dek met uitsig, Weber vir op die dek.
Hoofwoning: 3 slaapkamers met 3 badkamers, ruim woonvertrek met kaggel, stoep met binnebraai. Byna al die vertrekke loop uit op `n dek of stoep, die meeste met see-uitsig. Dstv en wifi.

WE DO HOLIDAY RENTALS



www.oesterbaaieiendomme.co.za